**CHRISTENE EN KERSFEES**

**Deur Isak Burger**

Soos wat ek ouer word, raak Kersfees my al dieper. Miskien is dit nostalgie, so 'n mengsel van dankbaarheid en hartseer wat die herinneringe aan Kersfeeste uit die verlede meebring. Oor hulle wat eens deel daarvan was en nou nog net op foto's vir my glimag. Daar is ook dankbaarheid oor hulle wat oor die jare bygekom het – kinders, later skoonkinders en hopelik, op 'n volgende Kersfees, ons eerste kleinkind.
Miskien raak Kersfees vir my kosbaarder omdat dít waaroor Kersfees gaan, vir my al meer betekenis kry. Miskien omdat ek die Evangelie al meer koester en Jesus Christus liewer as ooit het.

*Stille Nag, Heilige Nag* – dit maak nie saak wie dit sing en in watter taal nie – ek raak nie moeg daarvoor nie. Inteendeel.
Kersliggies, kersbome en Kersvader ontketen nie in my 'n stryd nie. Ek wil nie soos sommige harekloof oor wat hulle interpretasie van die herkoms daarvan is nie. Ek weet wat dit vir my simboliseer.

Ek wil ook nie deelneem aan debatte oor óf die 25e Desember regtig Sy geboortedatum is nie. Ek glo Hy is regtig in Bethlehem gebore en die stemme van engele het regtig oor die herdersvelde van Bethlehem weerklink.

Ons gaan vanjaar weer, soos die afgelope 32 jaar, Oukersaand in ons huis bymekaar kom – almal in ons naby-familiekring vir wie dit moontlik is. Die huis gaan mooi versier wees met liggies en kerse. Daar gaan heerlike eetgoed en drinkgoed wees. Kuier, lag, gesels - en onthou. En dalk 'n paar trane.

Ons gaan sing – ja ook *Stille Nag*. En bid. En geskenke gee en ontvang.
En voor Hom wat eens die Kind in die krip was, nou ons komende Koning, sal ons weer ootmoedig buig…